

‘Sunday morning at eleven the week’s most segregated hour’

“*We must face the fact that in America the church is still the most segregated major institution in America. At 11:00 on Sunday morning when we stand and sing and Christ has no east or west, we stand at the most segregated hour in this nation. This is tragic.*” Só het Martin Luther King in 1963 gesê toe hy geworstel het met die kerke in die VSA se onvermoë om ’n bydrae te maak om van segregasie in die Amerikaanse samelewing ontslae te raak en rassegrense oor te steek.

’n Groot deel van die verhaal van die NG Kerk loop ook langs rasselyne. Die vraag is: Hoe lyk die prentjie binne die NG Kerk vandag?

Kobus Schoeman



Teologiese en sosiale wortels van die rasse-diskoers

Ras is méér as net die verwysing na ’n bepaalde bevolkingsgroep of die eienskappe van ’n groep mense. Politieke en sosiale omstandighede bepaal ras.

Sosiale diskoerse en magsverhoudings speel ’n belangrike rol in die definiëring en omskrywing van die konsep “ras”. Dit is nie net ’n biologiese kategorie of die beskrywing van biologiese verskille nie.

Ras word verstaan en beskryf binne ’n spesifieke sosiale konteks.

Ook binne die NG Kerk bepaal sosiale omstandighede die gesprek oor ras. Die teologiese en sosiale wortels van dié diskoers lê binne die apartheidsera. Die huidige konteks van ’n “nie-rassige” Suid-Afrika speel ook ’n groot rol.

Histories gesien was die NG Kerk vanaf 1881 tot 1990 ’n kerk wat byna eksklusief uit wit lede bestaan het. In die middel tagtigerjare en vroeë negentigs verander die omstandighede egter polities en kerklik radikaal. Die ANC word ontban. Nelson Mandela word vrygelaat. Kerklik word rassisme in 1986 as sonde veroordeel. Die lidmaatskap van die NG Kerk is nou “oop”.

Mense van verskillende rasse kon voortaan lede van die “wit” kerk word. Verhoudings en samewerking tussen lidmate van die familie van die “ander” groep was veronderstel om te verbeter. Teoreties het kerklike beleid dit immers nou moontlik gemaak. Goeie teologiese argumente is aangevoer vir die noodsaak daarvan.

Die kritiese vraag is: Het persone van “ander” groepe lid van die “wit” kerk geword? Of was daar ’n gaping tussen amptelike kerklike standpunte en die houding en gedrag van die lidmate en gemeentes se leierskap? Het die besluite gelei tot ’n verandering in wat op gemeentevlak gebeur?

Ander-rassige lidmate toenemend welkom in NG Kerk

Kerkspeël doen sedert 1989 navorsing oor dié kritiese vraag: Hoe aanvaarbaar is lidmate van ander rasse-groepe in die NG Kerk? (Sien *Kruisgewys* 4/2 vir ’n bespreking oor die bevindinge tot 2004 - <http://www.gemeentes.co.za/Pdf/Kerklike%20aanvaarding.pdf>).

Kerkleiers (meestal ouderlinge en diakens) en predikante moes oor lidmate van die NG Kerkfamilie hulle eerste reaksie op onder andere die volgende stelling aandui: “... ek is bereid om ... hulle as lidmate van my gemeente te aanvaar”:

- In 1989 sê vyf en dertig persent van die kerkleiers “ja”.

Die ja-respons groei met elke opname tot sewentig persent in 2005.

- Dié vraag is die eerste keer in 1996 aan die predikante gevra. Van hulle sê drie en tagtig persent ja. Dié syfer styg tot drie en negentig persent in 2004.

Dit dui daarop dat lidmate van die NG Kerkfamilie toenemend welkom is om as lidmate by plaaslike NG gemeentes aan te sluit.

Ander rasse veral welkom in 'my gemeente'

Die vrae is in die 2006-opname op 'n ander manier aan die predikante en leiers gevra.

'n Onderskeid is gemaak deur te vra

- na die bereidheid om mense van 'n ander bevolkingsgroep in "my" gemeente te aanvaar; en
- om saam met hulle aan 'n "ander" of nuwe gemeente te behoort.

Die respons lyk so:

As u aan lidmate van die NGK-familie dink, wat nie aan u eie bevolkingsgroep behoort nie, dui teenoor elk van die volgende stellings asseblief u houding aan. "Volgens my eerste reaksie is ek bereid om ..."		Stem beslis saam	Stem saam	Neutraal of onseker	Stem tot 'n mate saam	Stem beslis nie saam nie
hulle as lidmate van my gemeente te aanvaar	Predikante	66	25	4	3	2
	Leiers	49	24	9	7	11
saam met hulle aan 'n ander gemeente te behoort	Predikante	31	21	16	9	23
	Leiers	17	14	16	10	43

Om saam met persone van 'n ander bevolkingsgroep aan 'n ander gemeente as jou eie te behoort, is duidelik iets anders as om by "my gemeente" te kom inskakel.

Die verklaring hiervoor lê waarskynlik meer op die vlak van hoe die mags-verhoudinge lyk. Dit wil voorkom asof leiers en predikante makliker mense by hulle eie gemeentes sal inskakel as om sáám aan 'n nuwe gemeente te behoort. Dit kan wees dat hulle voel dat in "my gemeente" hulle nog beheer het.

Positief oor kerkeenheid nie noodwendig rede tot aktiewe deelname

'n Volgende manier om na die gesprek oor ras binne die NG Kerk te kyk, is om die saak van kerkeenheid op die tafel te sit.

Kerkeenheid het natuurlik nie net met ras te doen nie. Nogtans kan dit nie ontken word dat ras tog 'n baie groot rol in die gesprek speel nie. Daar lê duidelike lyne in terme van "my" groep en kerk teenoor "hulle" groep en kerk in die gesprek.

Die 2006-opname het leiers en predikante se houding teenoor kerkeenheid getoets.

	Leiers	Predikante
Ek ondersteun die pogings tot kerkhereniging en werk aktief mee.	16	34
Ek is positief teenoor die pogings tot kerkhereniging maar neem nie aktief deel aan aksies in hierdie verband nie.	52	40
Ek staan apaties teenoor die pogings tot kerkhereniging.	16	15
Ek is teen pogings tot kerkhereniging maar neem nie deel aan aksies teen kerkhereniging nie.	13	10
Ek is teen pogings tot kerkhereniging en neem deel aan aktiwiteite om dit te verhoed.	3	1

Meeste leiers en predikante het 'n positiewe houding teenoor pogings tot kerkeenheid, maar is nie aktief besig om daaraan mee te werk nie.

'n Mens sou hierop kon reageer dat indien die positiewe houding nie oorgaan tot aktiwiteit nie, daar moontlik verder niks gaan gebeur tussen mense om die grense van skeiding oor te steek nie.

Sosiale redes groter struikelblok as die Belydenis van Belhar

Kerkspieël het ook gevra wat moontlike struikelblokke in die pogings tot kerkeenheid is.

Baie keer word aangeneem dat die Belydenis van Belhar die groot hindernis is. Daar daar is egter ook ander faktore wat in die pad staan.

In 'n ondersoek by drie "Transvaalse sinodes" in 2005 is

'n oop vraag gevra: "Wat is volgens u waarneming die grootste hindernisse in die pad van kerkhereniging?"

Duidelik was taal en kultuur 'n baie belangrike hindernis. Belhar was eers in die derde plek as struikelblok.

Dié struikelblok lê meesal op 'n sosiale verhoudings- en nie 'n teologiese vlak nie. Dalk word té veel aandag aan die Belydenis van Belhar gegee en word die rol van taal- en kultuurverskille onderskat. Rassisme kan gevolglik 'n dieper-liggende sosiale struikelblok wees.

Gemeentes gee min aandag aan rassismebekamping

Kerkspieël wou verder weet hoe gemeentes rassisme as 'n sosiale probleem hanteer. Die vraag was: Beskou gemeentes rassisme as 'n ernstige probleem wat die aandag vir die gemeente verdien?

Gemeentes moes na aanleiding van SACLA se sewe reuse aandui aan watter sosiale probleme hulle die meeste aandag gee (sien *Kruisgewys 8/2*: http://www.gemeentes.co.za/Pdf/Sewe_reuse.pdf).

Dit blyk dat gemeentes die meeste aandag aan armoede en werkloosheid (80%) en daarna aan gesinskrisisse (71%) gee. Seksisme kry die minste aandag (14%) en rassisme die tweede minste (33%). Rassisme is dus nie hoog op NG gemeentes se agenda nie.

Baie gemeentes skep ruime vir ander taal- en kultuurgroepe

Sewentien persent gemeentes het aangedui dat hulle 'n erediens het of minstens ruimte skep vir ander taal- en kultuurgroepe binne gemeentes. Die afleiding is dus dat lidmate uit die NG Kerk familie welkom is as hulle by die taal-en-kultuurkonteks van die gemeente inval. Daar is egter min ruimte vir ander groepe geskep.

Groot meerderheid van NG gemeentes het kontak met die kerkfamilie

Die hoop is dat méér en gereelder kontak en samewerking tussen die verskillende gemeentes binne die NG kerkfamilie behoort te help om die verskille tussen gemeentes te oorbrug en grense af te breek. Dié afleiding kom uit die respons op die vraag na gemeentelike kontak binne die NG Kerk familie.

Kontak met die NG Kerkfamilie	Ja	Nee
Het u kontak met 'n bepaalde gemeente van die NG Kerkfamilie?	78	22
Watter vorm neem die kontak aan?		
Skakeling van tyd tot tyd.	94	6
Erediensbeurte oor en weer.	61	39
Gesamentlike eredienste of nagmaal.	51	49
Gesamentlike projekte.	68	32

'n Groot meerderheid van NG gemeentes het kontak in die vorm van skakeling met gemeentes uit die familie.

'n Meerderheid van dié gemeentes hou gesamentlike eredienste en nagmaal. 'n Groot meerderheid het ook gesamentlike projekte. Die response sê egter nog te min oor die frekwensie en omvang van die kontak.

Benut die sosiale kapitaal en hanteer die rasse- en kultuurverskille

Baie van dit wat binne die NG Kerk as gevolg van ras- en kultuurverskille gebeur, kan vanuit sosiale prosesse en magsverskille beskryf word.

Dit is egter nie genoeg om dit daar te laat nie, want natuurlike prosesse gaan die verskille nie oorbrug en oplos nie.

Veertig jaar ná King se opmerkings oor die “aparte uur” in die kerk, merk Barack Obama in sy nou bekende toespraak oor ras op dat baie hiervan nog in die Amerikaanse samelewing waar is: *“But the anger is real; it is powerful; and to simply wish it away, to condemn it without understanding its roots, only serves to widen the chasm of misunderstanding that exists between the races.”*

Daar is besliste tekens van groeiende positiewe gesindhede binne die NG Kerk teenoor lidmate van die NG Kerkfamilie. Dit is miskien nog nie genoeg nie, maar dié groeiende “sosiale kapitaal” moet benut en gebruik word om tot aksie en handeling oor te gaan.

Hanteer diepliggende ras- en kultuurverskille en moet dit nie ignoreer nie. Die uitdaging vir die NG Kerk is om die rassesseidings nou daadwerklik oor te steek.

● *Kobus Schoeman is die afgelope 14 jaar leraar van Riviera in Pretoria, ná bedienings in die lugmag en op Witbank. Hy is sedert 1989 by Kerkspieël betrokke vanuit sy kundigheid in beide sosiologie (M-graad) en teologie (D-graad). Hy gee ook deelyds by UP klas in Praktiese Teologie.*